


# Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

NR. 133

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad



## WAT DINK JY VAN DIE KERK?

Op die vraag: Wat is die kerk?, is daar vandag in teorie of praktyk uiteenlopende beskouings. Die volgende is enkele voorbeelde:

**Die kerk is 'n vereniging** net soos 'n boerevereniging, onderwysvereniging, ens. waarby 'n mens na willekeur kan aansluit of bedank.

**Die kerk is soos 'n kafee:** Al wat jy moet doen, is om daarin te gaan sit en bestellings te plaas en dan wag om bedien te word.

**Die kerk is soos 'n hospitaal:** Gewoonlik kan 'n mens baie goed daarsonder klaarkom, maar dit is tog nodig as daar siekte of dergelike probleme opduik.

**Die kerk is soos 'n liefdadigheidsorganisasie:** Dit doen goeie werk deur onder andere geld in te samel vir diegene wat dit nie te breed het nie, maar tog is die bestaan daarvan nie werklik so noodsaaklik nie.

**Die kerk is soos 'n trein:** 'n Mens ry teen vergoeding daarin sonder om iets te doen, en alles gaan goed as die masjien en ander personeel (die kerkraadslede) maar op en wakker is.

Die jongste toevoeging tot hierdie lys is dié van die **Wêreldraad van Kerke** wat van die kerk 'n organisasie wil maak wat terrorisme en moord moet bevorder.

Hoe hierdie beskouings ook van mekaar mag verskil, hulle het almal dit in gemeen, dat hulle mensgemaak is en daarom in botsing is met die Woord van God.

Al sou 'n mens van sommige van hulle saam met Johannes moet sê: "Hulle het van ons uitgegaan maar hulle was nie van ons nie" (1 Joh. 2:19).

Wat is die kerk volgens die Skrif en ons belydenis?


Die kerk is **'n vergadering van gelowiges**. Dit is altyd so, ongeag of ons nou praat van die kerk van alle tye en plekke, of van die kerk in 'n bepaalde land, of van die plaaslike kerk.

Die kerk word **deur Christus vergader**. Die kerk het sy oorsprong by Hom. Daarom praat ons van die kerk van die Here. En omdat die kerk 'n stigting van die Here is, moet elke gedagte dat dit iets soos 'n menslike vereniging is radikaal verwerp word.

Christus vergader sy kerk deur sy **Woord en Heilige Gees**. Die Woord van God, die evangelie van verlossing deur Jesus Christus moet verkondig word. Dit is die hoofsaak van die kerk. Deur sy Heilige Gees berei die Here harte van die mense voor om die Woord wat verkondig word in te neem, aan te neem, te onthou en daarvolgens te lewe.

## WAT IS DIE TAAK VAN DIE KERK TEENOR DIE LIDMATE?

Ons kan sê dat die taak van die kerk is om, veral deur die ampsdraers, die gemeente geestelik **op te bou** en **toe te rus** sodat die lidmate God en hulle naaste steeds meer en beter kan dien (Ef. 4:12). So moet die ampsdraers byvoorbeeld deur organisasie, oprigting van geboue, ens. die geleentheid skep **sodat die Woord van God verkondig kan word en die gemeente daardeur opgebou en toegerus kan word**. Ook deur huisbesoek, katkisasie, ens. moet die ampsdraers die gemeente opbou en toerus deur hulle te waarsku vir die verderf, deur hulle aan te moedig om te volhard op die pad van gehoorsaamheid en diens aan die Here en deur hulle te vertroos met die liefde en genade van die Here.



### **WAT IS DIE TAAK VAN DIE LIDMATE TEENOR DIE KERK?**

Paulus sê dat elke lidmaat sy **volle** ondersteuning moet gee in die arbeid van die kerk (Ef. 4:16). In ons belydenis word weer gesê dat elke gelowige 'n lewende lid van die kerk moet wees (H.K. antwoord 54).

So behoort dit te wees, maar so dikwels is dit nie so nie. Daar is tyd vir baie dinge behalwe vir die dienswerk van die kerk en die vervulling van ons Christelike roeping. Waar hierdie onchristelike gesindheid heers, word net gevra: Wat beteken die kerk vir my? en nooit: Wat beteken ek vir die kerk nie. En dat die kerk dikwels skade ly en in die skande kom deur hulle optrede, hinder hierdie lidmate skynbaar nie.

Hoe wonderlik sou dit gewees het as elke kerk vol was van aktiewe en lewende lidmate, wat vervul is met die Heilige Gees, blydschap en dank oor God se genade en verlossing deur Christus. Dan sou alles by en rondom hulle gesprek het van heilige aksie en daadkrag en van die tinteling van die Christelike lewe.

Mag God jou help om so 'n lidmaat te word.

P. J. de Bruyn.

## EK DIEN GOD IN DIE NATUUR — BUIE DIE KERK

Ek het u onlangs hoor sê: "Ek gaan nie kerk toe nie. Ek kan God baie beter dien in die natuur. Daarom gaan ek Sondae liefs na plekke waar ek die natuur kan bewonder. My godsdiens word daardeur beter gevoed as wanneer ek in 'n kerk sit en na 'n vervelige gepreek van 'n man in 'n swart baadjie moet luister".

Nou is dit natuurlik so dat 'n mens God wel enigsins uit die natuur kan ken. Die natuur sê aan my dat dit nie vanselfsprekend ontstaan het nie maar dat dit deur 'n Almagtige geskape is. En in die skoonheid van die natuur sien ons ook die werk van Gods hande.

Tog kan 'n mens God uit die natuur nie behoorlik ken as jy dit nie besien deur die bril van God se Woord nie. Alleen by die lig van die Bybel verkry 'n mens 'n suiwere visie op die natuur en leer jy om in die natuur die grootheid van God te sien.

Dit is om hierdie rede dat ek tog bedenkinge daarteen het dat u God net in die natuur wil dien. Ek het 'n idee dat u in werklikheid probeer wegvlug van dié God wat vanuit sy Woord in die kerk tot u spreek. Trouens, daar in die natuur waarin u u Sondae verlustig, daar hoor u nie die oordele van God oor u eie lewe nie. Daar bereik God se roepstem tot bekering u nie. Daar hoor u nie hoe God van u eis om u hele lewe in sy diens te stel nie.

Alles kom dus daarop neer dat u voel dat God dit daar in die natuur nie vir u moeilik kan maak nie. Daar kan u alleen maar geniet. Maar dit is vir u geen genot om in die kerk te hoor van God se oordele en die noodsaaklikheid om u te bekeer nie. Daarom vlug u van die kerk af weg!

Maar help dit u enigsins?

Of u van God se oordele hoor of nie hoor nie, dit bly tog dreigend oor u hang ook daar waar u u verlustig in die skoonheid van die natuur. Maar u is bang om dit te hoor. U is bang omdat u vrees dat u u moet bekeer en u sondes moet nalaat. Daarom vlug u nou weg — na die natuur.

Maar omdat u wegvlug hoor u ook nie van die liefde van God in Christus Jesus nie. En sonder dié liefde is alles donker — ook op die heerlikste sonskyndag te midde van pragtige natuurskoon.

Bowendien moet u ook onthou: Dit is 'n eis van die Here dat u met die gemeente móét saamkom. In Hebr. 10:15 lees ons: "En laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie". En in 1 Pet. 2:2 staan: "En verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei".

As u dis die verkondiging van die Woord in die samekoms van die gemeente nalaat om u slegs te gaan verlustig in die natuur, oortree u die gebod van die Here en sal u gewis nie ongestraf bly nie.

Gaan luister daarom na die verkondiging van die Woord van die Here in die kerk; dan sal u by die lig van die Woord die skoonheid van God se natuur beter kan bewonder en Hom meer kan eer.

P. J. de Bruyn.

## **KERKLIDMATE IS SKYNHEILIGE MENSE**

Jy is van mening dat kerklidmate skynheilige mense is: Sondaie sit hulle ewe vroom in die kerk maar in die week leef hulle soos hulle wil.

Ek wil jou in hierdie opsig gelyk gee: As mense Sondaie die Woord van die heilige God aanhoor, maar in die week dit doelbewys ignoreer en hulle noem hulleself dan nog Christene — nouja, dan het ons met die grofste vorm van skynheiligheid te doen.

Dat daar in die kerk sulke mense is wil ek jou geredelik toegee. Die Here Jesus het ons in die gelykenis van die vyf wyse en vyf dwase jongmeisies juis daarop attent gemaak dat daar in die kerk ook dwase is wat nie genoeg olie saamneem nie (Mattheus 25:1-13).

Jou aanklag is vir die kerk dus eintlik nie 'n verrassing nie.

Maar as jy hierdie woorde op alle kerkmense betrek, as jy elke kerkmens 'n skynheilige noem, wil ek ernstig met jou verskil.

Jy sê dat hierdie mense leef soos hulle wil, maar dis tog nie waar nie. Die ware gelowige wil so graag leef soos God wil. Weet jy van die selfverwyt en sielswroeging wat hierdie mense deurmaak as hulle verkeerd gedoen het? Is jy ooggetuie van hulle sondebelydenis in die binnekamer as hulle verkeerd gedoen het? Is jy ooggetuie van hulle smekinge en gebede om krag en genade om teen die duiwel staande te bly? Vir jou as buitestaander lyk dit na 'n lewe "soos hulle wil" — vir die ware kerkmens is dit 'n lewe wat hy nie wil nie. As jy dit nie wil glo nie, luister na die woorde van Paulus. (wat op die pad na Damaskus reeds al tot bekering gekom het): "Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek" (Rom. 7:19).

## **PASOP VIR VALSE BEOORDELING**

Jy interpreteer die gereelde kerkgang van die lidmate as skynheilig. Jy moet oppas vir 'n valse beoordeling, want die rede vir die kerkgang kan 'n gebroke hart en 'n verslae gees wees. Juis omdat hierdie mense hulle sonde so diep aanvoel; juis omdat hulle bewus daarvan is dat hulle in die week nie altyd wil wat God wil nie — juis daarom gaan hulle kerk toe. Hulle wil weer opnuut Sondag hoor wat God wil, opnuut weer belydenis van sonde doen, opnuut weer krag van die Heilige Gees ontvang om ten bloede toe teen die sonde te stry.

As jy die ware kerkmens konfronteer met sy sonde, sal hy jou nie uit die hoogte aankyk en sê: "Ek is beter as jy nie". Nee, hy sal met tranes in sy oë bely dat jy reg is. Maar hy sal ook vir jou sê: "Juis daarom gaan ek kerk toe. Omdat dit God alleen is wat al die sondes — ook my boesemsonde kan wegsny — juis daarom moet ek kerk toe gaan."

As jy 'n gevreesde siekte in jou liggaam omdra, my vriend, sal jy die drumpel van jou dokter se spreekkamer deurtrap om gereeld behandeling te kry. En as die mens se siel deur die ongeneeslike siekte van die hel besmet is — waarom verkwalik jy hom as hy die groot Geneesheer opsoek om van sy dodelike siekte verlos te word?

## **NOG 'N VRAAG**

Maar nog 'n vraag. Bly jy van die dokter se spreekkamers af weg omdat onder sy pasiënte diewe en moordenaars is — of, om jou taal te gebruik, skynheilige mense is wat voorgee dat hulle siek is en nie siek is nie? Dink jy 'n mens kan gesond word deur te kla oor die swak tipe pasiënte wat dokters het? Ek glo nie so nie. As jy werklik siek is sal jy, ondanks ander mense, die geneesheer besoek.

Nouja, dieselfde geld jou kerkbesoek. As jy waarlik jou sondenood besef, sal jy nie toelaat dat 'n sogenaamde klomp "skynheiliges" jou uit die kerk hou nie. Jy sal kerk toe gaan om rus en vrede vir jou siel te vind. En wat meer is: Jy sal uitvind dat hierdie aantyging van jou niks anders as 'n vyeblaar is om jou eie hoogmoed en onwilligheid te bedek nie.

Lê die skynheiligheid nie miskien by jou nie?

Chris J. Malan.

## **VERNUWING**

### **DIE KERK STAAN IN DIE BESKULDIGDEBANK!**

Die klagstaat is lank:

- Niksseggende preke
- Gebrek aan effektiewe optrede
- Skynheiligheid
- Onbenullighede kry te veel aandag
- In 'n tyd waarin alles vinnig gedoen word, sloer die kerk teen 'n slakkepas voort; ens., ens., ens.!

Ek wil al die aanklagte nie een-vir-een opnoem nie. Ek wil dit liever probeer saamvat in wat moontlik die kern van al die beskuldiging is: Die aanklag teen die kerk is dat dit onbuigsam is, dat dit verstar het. Die kerk word daarvan beskuldig dat dit blindelings op die ingeslane weg voortgaan; dat dit in 'n steeds veranderende wêreld onveranderd bly. Dit is dan die kern van die aanklag.

### **IS DIE KLAG GEGROND? IS HIERDIE BESKULDIGINGS EG?**

Ek wil aanvaar dat jy ook beswaar maak as mense 'n persoon beoordeel op grond van 'n enkele opmerking wat hy gemaak het, of nadat hulle hom nog maar een keer gesien het, of selfs nog maar 'n enkele keer iets van hom gehoor het. Dit is tog onregverdig om dan te wil beweer dat jy hom ken en dat hy só-of-só is. Dit is net so verkeerd om die kerk op grond van 'n enkele kennismaking te beoordeel of op hoor-sê, sonder dat jy die geskiedenis van die kerk ken.

Uit die geskiedenis blyk dan ook juis dat die kerk nie krampagtig onveranderd gebly het nie. Reg van die begin af het die Christelike kerk altyd weer sy belydenis en sy dade ondersoek en gemeet en dan reggemaak wat verkeerd was. Ek wil net 'n enkele voorbeeld noem: Die Kerkhervorming van die sestiende eeu. Jy onthou seker nog die geskiedenis. Gedurende die Middeleeue het die destydse kerk al hoe meer verdwaald geraak in menslike dwaalleer en wanpraktyke. Bygeloof en ander heidense gebruike het 'n lagie "Bybelse vernis" gekry en is as "christelik" aanvaar.

Toe het daar binne die kerk 'n beweging ontstaan wat as die "Reformasie" of "Hervorming" bekend staan. Manne soos Maarten Luther, Johannes Calvyn, John Knox en Zwingli het met krag en oortuiging die kerk tot bekering geroep. Luther het byvoorbeeld op 31 Oktober 1517 'n aantal stellings in die openbaar bekend gemaak waarin hy gewys het op die dwalinge in die kerk. Dit het gelei tot die ontstaan van die kerke van die Hervorming of, soos ons dit ken die "Protestantse" of "Hervormde" of "Gereformeerde" kerke.

## **NOG SÓ?**

Ek hoop dat hierdie enkele herinnering aan die kerk se geskiedenis genoeg is om te bewys dat die kerk nie onveranderd wil bly nie. Dat die kerk nie "teen sy beter wete" op die ingeslane weg voortgaan nie. Dat verstarring nie 'n wesenskenmerk van die kerk is nie.

Ek wil tog ook saam met jou die vraag vra of die kerk ook vandag nog voortdurend hervorm? Ek dink tog jy sal ook gewillig wees om hierop "ja" te antwoord as jy die besluite van kerkrade en sinodes deurlees. Elke beswaar teen 'n vorige besluit wat gehandhaaf word, wys immers dat die kerk vatbaar vir oortuiging is. Dit wys ook dat daar in die kerk voortdurend selfondersoek is.

Daarmee wil ek nie sê dat alles in die kerk nou "reg" is nie. Inteendeel! Maar ek sê, en ek wil dit ook graag sê, die kerk waarvan ek lidmaat is, is meer as bereid om sy belydenis en werke altyd weer te ondersoek en reg te stel wat as verkeerd bewys word!

## **MAATSTAF**

Om te kan meet, het 'n mens 'n maatstaf nodig. Omdat die kerk die vergadering van dié mense is wat in Jesus Christus glo, kan dit nie mense se opinie as maatstaf gebruik nie. Die maatstaf van die kerk is die Woord van God, die Bybel. Die kerk wil altyd weer reformeer deur homself te meet aan die Skrif. Alles wat in stryd met die Skrif is, is verwerplik en die kerk is bereid om dit te verwerp.

As jy dus klagte teen die kerk het, is dit seker ook vir jou duidelik wat jy moet doen: Meet die kerk én jou klagte aan die Woord van God. As jou klag op die Skrif gegrond is, moet die kerk na jou luister en jou gelyk gee. Dit vra 'n bietjie moeite, maar dit is die moeite werd. Ek bid jou wysheid en sterkte toe!

## **NASKRIF**

Amper maak ons nou soos baie ander mense: Ons praat toe net oor die kerk se foute en hoe om die kerk reg te kry, maar ons praat nie oor ons eie nie! Want alles in jou lewe is tog seker ook nie so honderd persent reg nie? Vra maar net vir jou vrou of jou kinders of jou kollegas. Hulle sal dalk die beste weet. Maar jy weet seker self ook, miskien met droefheid en berou.

Wat doen 'n mens nou? In die bestaan van die kerk word dit "hervorming" genoem, in die lewe van 'n mens praat ons gewoonlik van "bekering". Die saak is grootliks maar dieselfde. Ons moet elke dag ons lewe weer meet aan die Woord van God en dan regmaak wat verkeerd is. Dit klink eenvoudig, maar jy weet dalk al uit ervaring dat dit dikwels trane kos. Daar sit iets in van die dood, die doodmaak van jou eiewilligheid. Maar dit hou ook 'n nuwe lewe in! Dit is vol van die dood-oorwinnende en lewe-gewende werk van Jesus Christus wat uit die graf opgestaan het. Trouens, by Hom kry ons die moed en die krag om dit te doen. Ek bid dat Hy jou deur sy Woord en sy Gees daartoe sal lei en dit in jou sal laat gebeur.

Nico Botha.

## HEMELVAART — DIE BRUG

Die hemelvaart van Jesus beteken dat 'n brug gebou word.

Van die aarde na die hemel.

Uit die skaduwee na die lig.

Uit die tydelike na die ewige. Jy word uitgenooi om op daardie brug te loop.

Om oor te stap na 'n nuwe toekomst.

Om die verlede te begrawe . . .

En te kyk na die nuwe toekoms.

### Die kloof

Daar in die Paradys is 'n kloof geslaan tussen hemel en aarde.

Adam, jy en ek verkies die aarde en verwerp die hemel.

In hoogmoed het ons God se gawe weggewerp

...

- Die lewe.
- Die vrede.
- Die vreugde.
- Die hemel.

En toe het die kloof al groter begin gaap.

Groot woorde skilder die oorsaak van daardie kloof:

Ons moedswillige ongehoorsaamheid.

Uit onself kan ons die kloof nie oorbrug nie.

Hemel en aarde skuif al verder uitmekaar...

Toe het dit gebeur...

Die hemelvaart van Christus

**Met sy geboorte kom Hy:**

Van die hemel na die aarde.

**Met sy hemelvaart gaan Hy:**

Van die aarde na die hemel.

Die kringloop word voltooi.

Sy werk is volbring.

Die brug is gebou.

Aarde en hemel is weer verbind — deur Sy bereidwillige gehoorsaamheid.

Dit is die taal wat die hemelvaart van Jesus met jou praat:

Die weg na Bo is oop

Die weg na Vrede

Vreugde

Versoening.

Die weg na die Vaderhart...

Nou dreig Hy nie — Hy nooit jou.

Om oor die brug te stap.

Om te deel in die ryke vreugde van hulle wat Hom ken.

Om jou te voeg by die leer van Hom wat opgevaar het.

Hoor jy die uitnodiging? **Kom na My toe.**

Besef jy?

Dit is nou of nooit.

Die brug is daar.

Sedert Christus se hemelvaart.

Sien jy?

Die brug na bo,

Wandel daarop!

C. J. H. Venter.